

8 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 3:1-22

Fokusgedeelte: Lukas 3:1,2

Die onbegryplike wysheid van die Goddelike tydsberekening

In Lukas 3 vind ons die oorgang van die geboortegeskiedenis na die amptelike optrede van die Messias. As die woord van God tot Johannes in die woestyn kom (vers 2), kan die offensief teen die magte van die duisternis amptelik begin. Die pad kan vir die Here gereed gemaak word!

Vir ons met ons menslike "wysheid" kan dit maklik lyk of God nouliks 'n meer ongeleë oomblik kon kies om met sy aanval te begin. Want kyk net na die name van die heidense heersers wat in vers een genoem word. Dit lyk meer na 'n dodelike hinderlaag as na enigiets anders. Al hierdie mense was uitgesproke vyande van God en van sy koninkryk. Daarby het Annas en sy skoonseun, Kajafas, van die hoëpriesteramp 'n jammerlike bespotting gemaak.

Eers dán, teen hierdie ongunstige, onheilspellende agtergrond roep God vir Johannes uit die woestyn. Al hierdie dinge gebeur in die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius. Sien jy die aanvangsdatum van God se aanval teen die magte van die duisternis is gedateer volgens 'n wêreldse kalender van 'n antichristelike keiser! Tog. Vandag is dit die agtste Januarie van die jaar **2001 na Christus**. Vergelyk dit met die **vyftiende jaar van Tiberius**. lewers langs die pad het 'n verwisseling van mag gekom. Wêreldwyd word tyd nou volgens die menswording van God se Seun bereken.

Hoe ver is God se wysheid tog verheue bo menslike wysheid. God het 'n korrupte Romeinse regstelsel en 'n ewe korrupte Levitiese priesterskap gebruik om sy Seun tot 'n kruisdood te laat veroordeel en Hom daarna tot sy regterhand te verhoog. Jesus Christus het ook vir jou die duiwel, die sonde en die dood oorwin. Verbly jou in sy volmaakte regering en bly getrou tot Hy weer kom. Wat op aarde begin het in die vyftiende jaar van Tiberius, sal ook vir jou tot skone afronding gebring word in die nuwe Jerusalem by God!

Sing: Skrifberyming 45:1,9,10

Ds JJ Cloete (Koster)